



Vermenigvuldiging


Graad 3







Kom ons hersien:



Hier is 3 groepe van 5 vierkante. Hoeveel vierkante is hier altesaam?

Jy's reg! Hier is 15! Hoe het jy dit bereken?


$5 + 5 + 5 = 15$ (Herhaalde optelling)

Of

$3 \times 5 = 15$ (Vermenigvuldiging)

Doen nou hierdie som op jou eie:

- Hier is groepe met appels in elk.



- Hoeveel appels is hier altesaam?

Metode:

Herhaalde optelling: $4 + 4 + 4 + 4 + 4 + 4 = 24$

Of

Vermenigvuldiging: $6 \times 4 = 24$ (6 keer 4)



Lees die som:

In 1 ry staan 13 leerders. Hoeveel leerders sal in 4 rye staan?

Wat dink jy kan ons doen om die antwoord te bereken?

Ek kan aan 2 metodes dink:

- Herhaalde optelling: $(13 + 13 + 13 + 13)$ of
- Vermenigvuldiging: (4 keer 13 of 4×13)



Jy gaan vandag leer hoe om 'n vermenigvuldiging-som (maalsom) soos $4 \times 13 = \square$ te doen.

$$4 \times 13 = \square$$

$$4 \times (10 + 3)$$

Breek die getal op in tiene en ene en maal 4 met albei.

$$4 \times 10 = 40$$

$$4 \times 3 = 12$$

$$40 + 12 = 52 \quad (\text{Tel die twee antwoorde bymekaar.})$$

52 leerders



HIER IS NOG 'N PAAR VOORBEELDE:

$$13 \times 3 = \square$$
$$(10 + 3) \times 3$$
$$10 \times 3 = 30$$
$$3 \times 3 = 9$$
$$30 + 9 = 39$$



$$5 \times 16 = \square$$
$$5 \times (10 + 6)$$
$$5 \times 10 = 50$$
$$5 \times 6 = 30$$
$$50 + 30 = 80$$



$$23 \times 4 = \square$$
$$(20 + 3) \times 4$$
$$20 \times 4 = 80$$
$$3 \times 4 = 12$$
$$80 + 12 = 92$$



DOEN NOU SELF HIERDIE SOMME.
JY MOET JOU TAFELS GOED KEN!



1. $41 \times 2 = \square$
2. $3 \times 18 = \square$
3. $17 \times 4 = \square$
4. $15 \times 5 = \square$
5. $5 \times 25 = \square$



Woordsomme:

1. In 1 krat staan 12 Coke-bottels. Hoeveel bottels sal in 6 kratte staan?
2. Daar is 16 lekkertjies in een pakkie. Hoeveel lekkertjies sal in 5 pakkies wees?



Antwoorde:

1. $41 \times 2 = \square$
 $(40 + 1) \times 2$
 $40 \times 2 = 80$
 $1 \times 2 = 2$
 $80 + 2 = 82$

2. $3 \times 18 = \square$
 $3 \times (10 + 8)$
 $3 \times 10 = 30$
 $3 \times 8 = 24$
 $30 + 24 = 54$

3. $17 \times 4 = \square$
 $(10 + 7) \times 4$
 $10 \times 4 = 40$
 $7 \times 4 = 28$
 $40 + 28 = 68$

4. $15 \times 5 = \square$
 $(10 + 5) \times 5$
 $10 \times 5 = 50$
 $5 \times 5 = 25$
 $50 + 25 = 75$

5. $5 \times 25 = \square$
 $5 \times (20 + 5)$
 $5 \times 20 = 100$
 $5 \times 5 = 25$
 $100 + 25 = 125$

WOORDSOMME:

1. $6 \times 12 = \square$ (Ons sê 6 keer 12)
 $6 \times (10 \times 2)$
 $6 \times 10 = 60$
 $6 \times 2 = 12$
 $60 + 12 = 72$
72 bottels Coke

2. $5 \times 16 = \square$ (Ons sê 5 keer 16)
 $5 \times (10 + 6)$
 $5 \times 10 = 50$
 $5 \times 6 = 30$
 $50 + 30 = 80$
80 lekkertjies



Jy is super slim!!

